BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGEGEE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- **Woensdag, 18 Julie 1945.** **WINDHOEK** **Wednesday, 18th July, 1945.** **No. 1126**

## INHOUD

*Bladsy.*

**PROKLAMASIE —**

No. 24. Proklamasie op die Sensus van Woonhuise, 1945 . . 7528

**GOEWERMENTSKENNISGEWING —**

No. 185. Opname van Sensus van Woonhuise in die Stedelike Gebied Windhoek . . 7530

## CONTENTS

*Page.*

**PROCLAMATION —**

No. 24. Census of Dwellings Proclamation, 1945 . 7528

**GOVERNMENT NOTICE —**

No. 185. Taking of Census of Dwellings in Urban Area of Windhoek . . 7530

---

## PROKLAMASIE
### VAN SY EDELE PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 24 van 1945.]

NADEMAAL dit in die openbare belang wenslik is om voorsiening te maak vir die opname van 'n sensus van woonhuise;

SO IS DIT dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen, hierby soos volg proklameer, verklaar en bekendmaak:—

1. Die Administrateur mag van tyd tot tyd in sodanige gebiede as wat hy mag bepaal en na bekendmaking in die Offisiële Koerant, Sensusbeamptes aanstel met die doel om 'n sensus in die aldus bepaalde gebied op te neem.

2. (1) 'n Sensusbeampte mag met die doel om sy plig ingevolge hierdie Proklamasie na te kom enige grond, perseel of woonhuis binnegaan en toegang daartoe verkry.

(2) 'n Sensusbeampte mag, in die behoorlike vervulling van sy pligte ingevolge hierdie Proklamasie alle vrae stel waarvoor in die vorm voorsiening gemaak is wat in die Bylae van hierdie Proklamasie voorgeskryf is, en elke bewoner van of persoon wat toesig het oor 'n woonhuis, aan wie sodanige vraag gestel word, moet dit na sy beste kennis en wete beantwoord.

3. (1) 'n Sensusbeampte mag die vorm wat in die Bylae van hierdie Proklamasie voorgeskryf is, by enige woonhuis in 'n gebied wat deur die Administrateur vir die opname van 'n sensus van woonhuise bepaal is, agterlaat.

(2) Die bewoner van of persoon wat toesig het oor 'n woonhuis by wie die voorgeskrewe vorm agtergelaat is, moet dit binne agt-en-veertig uur in elke besonderheid invul, aan die sensusbeampte wat dit invoerder, aflewer.

4. Elke sensusbeampte wat—

(a) aan 'n persoon 'n aanstootlike of onbehoorlike vraag stel; of

(b) van 'n persoon, behalwe 'n gemagtigde amptenaar van die Administrasie, betaling of beloning vra, ontvang of aanneem; of

(c) enige inligting wat hy by die vervulling van sy pligte as sensusbeampte ingewin het, openbaarmaak;

is skuldig aan 'n oortreding en, by skuldigbevinding, onderhewig aan 'n boete van hoogstens vyf-en-twintig pond.

## PROCLAMATION
### BY HIS HONOUR PETRUS IMKER HOOGENHOUT, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 24 of 1945.]

WHEREAS it is desirable in the public interest to make provision for the taking of a census of dwellings;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. The Administrator may from time to time and in such areas as he may determine and after notification in the Gazette appoint census officers for the purpose of taking a census of dwellings in the area so specified.

2. (1) A census officer may for the purpose of performing his duties under this Proclamation enter upon any land, premises or dwelling and obtain access thereto.

(2) A census officer may, in the due performance of his duties under this Proclamation ask all such questions as are provided for in the form prescribed under the Schedule to this Proclamation and every occupier or person in charge of a dwelling of whom any such question is asked shall answer the same to the best of his knowledge and belief.

3. (1) A census officer may leave the form prescribed under the Schedule to this Proclamation at any dwelling within an area determined by the Administrator for the taking of a census of dwellings.

(2) The occupier or person in charge of any dwelling at which the prescribed form has been so left, shall within forty-eight hours, deliver the same duly completed in every particular to the census officer who calls for the form.

4. Any census officer who —

(a) puts an offensive or improper question to any person; or

(b) asks, receives or takes from any person, other than an authorised officer of the Administration any payment or reward; or

(c) divulges any information obtained by him in the performance of his duties as a census officer;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding twenty-five pounds.

5. Enige bewoner van of persoon wat toesig het oor 'n woonhuis wat —

(a) versuim om na sy beste kennis en wete enige vraag te beantwoord wat deur 'n sensusbeampte aan hom gestel word en wat hy wettiglik vereis word om te beantwoord, of sodanige vraag vals beantwoord met wete dat die antwoord vals is;, of

(b) 'n valse of onjuiste vorm soos voorgeskryf in die Bylae van hierdie Proklamasie maak, onderteken of aflewer of laat maak, onderteken of aflewer met wete dat dit vals is; of

(c) 'n sensusbeampte sodanige betreding van of toegang tot enige woonhuis of perseel soos deur hierdie Proklamasie omskryf en waarop so 'n beampte geregtig is, weier, of wat 'n sensusbeampte by die vervulling van sy pligte as sulks belemmer of hinder of wat nie die vorm in die hierin gemelde tydperk voltooi of aflewer nie;

is skuldig aan 'n oortreding en, by skuldigbevinding, onderhewig aan die boetes wat in die laaste voorafgaande artikel vermeld is.

6. „Woonhuis" beteken enige huis of gebou of bouwerk en sluit in enige kamer of plek wat vir menslike inwoning geskik is;

„Offisiële Koerant" beteken die Offisiële Koerant van die Gebied.

7. Hierdie Proklamasie heet die Proklamasie op die Sensus van Woonhuise, 1945.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek hierdie 14de dag van July, 1945.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrateur.*

BYLAE.

A. ADRES VAN WOONHUIS:

(1) *Stad* ..........

(2) *Naam van straat:* ..........

(3) *Straat- of Erfnommer:* ..........

B. BESKRYWING VAN WOONHUIS:

(1) Meld of vrystaande, koppelhuis, deel van 'n huis, 'n woonstel of ander beskrywing. ..........

C. NAAM VAN BEWONER VAN OF PERSOON WAT TOESIG HOU OOR DIE WOONHUIS:

(1) *Van* (hoofletters): ..........

(2) *Voorname:* ..........

D. NAAM VAN EIENAAR:

(1) *Van* (hoofletters): ..........

(2) *Voorname:* ..........

(3) *Adres:* ..........

E. OMVANG VAN HUISVESTING:

(1) Meld aantal —

(a) woonkamers (wat slaapkamers, voorvertrekke, eetkamers en studeerkamers of kamers wat as sulks gebruik kan word, insluit) ..........

(b) kombuise: ..........

(c) spense: ..........

(d) badkamers: ..........

(2) *Meld huisvesting in buitegeboue, en hoe dit gebruik word* ..........

F. VASTE BEWONERS:

(1) *Meld aantal blanke persone wat blywend woonagtig is in die huisvesting onder E hierbo vermeld:—*

(a) Lede van die bewoner se gesin wat:—

(i) volwassenes is (persone van die ouderdom van 21 jaar en daarbo) ..........

(ii) kinders is (met vermelding van ouderdom en geslag) ..........

5. Any occupier or person in charge of any dwelling who —

(a) fails to answer to the best of his knowledge and belief any question asked of him by a census officer, which he may be lawfully required to answer or makes a false answer to such question, knowing the answer to be false; or

(b) makes, signs or delivers, or causes to be made, signed or delivered any false or incorrect form as prescribed under the Schedule to this Proclamation, knowing the same to be false; or

(c) refuses a census officer such entry on or access to any dwelling or premises as by this Proclamation that officer is entitled to have, or obstructs or hinders a census officer in the performance of his duties as such or fails to complete or deliver the form within the period specified therein;

shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties mentioned in the last preceding section.

6. "Dwelling" means any house, building or structure and shall include any room or place occupied or capable of occupation as a human habitation;

"gazette" means the Official Gazette of the Territory.

7. This Proclamation shall be called the Census of Dwellings Proclamation, 1945.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 14th day of July, 1945.

P. I. HOOGENHOUT,
*Administrator.*

SCHEDULE.

A. ADDRESS OF DWELLING:

(1) *Town:* ..........

(2) *Name of Street:* ..........

(3) *Street Number or Erf Number:* ..........

B. DESCRIPTION OF DWELLING:

(1) State whether detached, semi-detached, portion of a house, a flat or other description ..........

C. NAME OF OCCUPIER OR PERSON IN CHARGE OF DWELLING:

(1) *Surname* (capital letters) ..........

(2) *Christian names:* ..........

D. NAME OF OWNER:

(1) *Surname* (capital letters): ..........

(2) *Christian names:* ..........

(3) *Address:* ..........

E. EXTENT OF ACCOMMODATION:

(1) State number of —

(a) *living rooms* (these include bedrooms, lounges, dining rooms and 'studies' or rooms capable of use as such) ..........

(b) kitchens ..........

(c) pantries ..........

(d) bathrooms ..........

(2) *State accommodation in outbuildings and how used.* ..........

F. PERMANENT RESIDENTS:

(1) *State number of European persons permanently residing in accommodation shown under E above being:—*

(a) Members of occupier's family who are:—

(i) adults (persons 21 years of age and older) ..........

(ii) children (ages and sexes to be stated) ..........

(b) Vaste loseerders of gaste is ..........

(c) Persone is wat nie in (a) en (b) inbegrepe is nie (Blanke bediendes, ens.) ..........

(2) *Meld aantal woonkamers wat nie in gereelde gebruik is nie* ..........

(L.W.—Tydelike blanke loseerders of gaste en naturelle- en kleurlingbediendes moet nie in die antwoorde onder afdeling F ingesluit word nie.)

Ek verklaar hierby dat my antwoorde op bostaande vrae na my beste kennis en wete in alle besonderhede juis is.

Handtekening van bewoner van of persoon wat toesig het oor woonhuis ..........

..........

Datum: ..........1945.

Nagesien deur my

..........

Handtekening van Sensusbeampte.

(b) Permanent lodgers or guests ..........

(c) Persons other than those included in (a) and (b) (European servants, etc.) ..........

(2) *State number of living rooms not in regular use* ..........

(N.B. Temporary European lodgers or guests and native and coloured servants are not to be included in answers to Section F.)

I hereby certify that to the best of my knowledge and belief my answers to the questions above are correct in every particular.

Signature of occupier or person in charge of dwelling ..........

Date: ..........1945.

Checked by me.

..........

Signature of Census Officer.

# Goewermentskennisgewing.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

P. R. BOTHA,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 185.] [18th July, 1945.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur ooreenkomstig die Proklamasie op die Sensus van Woonhuise, 1945 bepaal het dat 'n sensus van woonhuise in die stedelike gebied Windhoek opgeneem sal word en hy sensusbeamptes vir die doel aangestel het.

# Government Notice.

The following Government Notice is published for general information.

P. R. BOTHA,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 185.] [18th July, 1945.

It is hereby notified for general information that in terms of the Census of Dwellings Proclamation, 1945, the Administrator has determined that a census of dwellings shall be taken for the urban area of Windhoek and has appointed census officers for the purpose.

*Gedruk in Suidwes-Afrika deur* / *Printed in South West Africa by* } John Meinert Ltd., Windhoek.